

KOMMUNIKAMMA 21 MAART 2021



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK:

Sefanja 3:17 (NLV)

“Die Here jou God is by julle. Hy is ‘n magtige Verlosser. Hy is buitengewoon bly oor julle. Sy liefde sal julle rustig maak. Met uitroepe van vreugde sal Hy oor julle jubel.”

SAKE vir GEBED:

- Dit is vandag die sesde Lydenssondag. Ons dank God dat ons kan saam erediens hou.
- Ons harte jubel oor die reëntjie wat ons die afgelope week gekry het, maar ons opvangsdamme is verskriklik laag. Pleit by ons Vader dat hy asseblief nog baie reën sal stuur, ook na gebiede naby ons bv. Steytlerville, Paterson en ander dele in ons land wat werklik ontsettend swaarkry en waar sommige mense moed verloor het.
- Ons glo dat die toediening van die entstof teen Covid vlot sal verloop.
- Die beheerrade by skole wat verkies is.
- Dink aan almal wat op een of ander manier aan die onderwys verbonde is. Onderwysers en lektore werk harder as ooit en die omstandighede is dikwels moeilik en soms ook gevaarlik. Bid vir kalmte op kampusse.
- Ons bid vir die plaaslike Skoonmaakdag wat môre, 22 Maart 2021, is. Laat ons God daardeur vereer.
- Bid ook vir ons geestelike leiers. Vir ds MG wat gewillig is om vir die volgende paar maande alleen die mas op te kom. Bid ook vir al ons sendelinge en by name vir Gerrit en Janine Coetzee. Dat God sy toekomsplanne met hulle aan hulle sal openbaar.
- Dink ook in besonder aan ons ouer mense, siekes tuis, in hospitale en aftree oorde en ook al die versorgers en verpleegpersoneel.
- Ons bid ook vir dr Deon, Liesel en gesin wat hulle laaste wekie hier by ons spandeer en vir die groot trek hierdie week.
- Ons harte gaan uit na almal wat honger is. Die nood is groot en niks verbeter nie. Bid asseblief vir die mense wat hulle werk verloor het en nou werk soek. Ons vra God se genade en bystand en dat hulle nie moedeloos sal word nie. Bid vir die herstel van mense se basiese regte.
- Ons president en ons burgemeester werk onder uiters moeilike omstandighede. Bid dat God hulle met wysheid, insig, onderskeidingsvermoë en uithouvermoë sal toerus.
- Ons dra die beroepingsproses aan die Here op. Sonder Sy leiding kan dit nie gedoen word nie.
- Bid vir MTR Smit kindershuis. Daar is baie uitdagings. Bid dat die Here se Lig die paar kinders wat vasgevang is in die duisternis van sonde, se lewens sal verlig.
- Josh Brynard wat wag vir ‘n hartoperasie en al die reëlings wat daarmee saamgaan.
- Niekie Oosthuizen se pa is baie siek in Pretoria.
- Alida en Dawid Keyter wat altwee behandeling ontvang.
- Heila van der Merwe sterk goed aan na haar operasie.
- Ons dra elke lidmaat van Kraggakamma aan die Here op en vra vir Sy seën.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam met die gelowiges in **Nigerië** vir die Here se genade en vertroosting omdat baie van hulle trauma ervaar het deurdat hulle ontwortel is, geliefdes en hulle huise verloor het.

Bid dat die Here naby diegene wat ontvoer is, sal wees en dat hulle gered of vrygelaat sal word.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Onder die regulasies van vlak 1 mag daar slegs 100 persone per erediens in die kerkgebou wees.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. **Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi. Hierdie week is daar net een erediens om 09:00.**

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens. *Ons gaan ongelukkig persone wat nie bespreek het nie, moet wegwys indien ons die maksimum van 100 persone bereik het.*

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 21 Maart

09:00 EREDIENS – <https://youtu.be/iwhGINcs2Bw><https://youtu.be/iwhGINcs2Bw>

Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

Geen kategese a.g.v die langnaweek.

Maandag 22 Maart

Publieke Vakansiedag

Geen gebedskild a.g.v die langnaweek.

Plaaslike skoonmaakdag

Dit is skoonmaakdag in ons Metro. Dit sal wonderlik wees as julle iets groter aanpak, maar al sorg jy net dat die sypaadjie voor jy huis skoon bly, dan het jy al klaar iets positief gedoen.

Dinsdag 23 Maart

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. **Die gemeente se beskikbare fondse vir hierdie projek gaan binne 'n week of twee uitgeput wees. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie wn Gaynor Swanepoel (Abelia Singel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 24 Maart

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Vrydag 26 Maart

05:00 MANNEGROEP

Die mannegroepbyeenkoms vergader by Frans Stapelberg, Carnationlaan 15. Indien jy wil deel word, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

Sondag 28 Maart: Palm Sondag

08:30 EREDIENS – Eietyds

10:00 EREDIENS – Klassiek

10:00 Kategese

Kategese by kerkgebou vir graad 1 tot 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou.

Groot lydensweek: Maandag 29 Maart – Woensdag 31 Maart 2021

Tema: Om klein te wees soos Jesus.

Eredienste elke oggend om 09:00 en word weer om 18:30 herhaal in die kerkgebou. Almal welkom. Kom soos jy is. Ons gaan stilstaan by die drie lydensaankondigings van Jesus uit die evangelie van Markus. Ons lees oor die drie aande uit Markus 8:31-38; 9:30-41 en 10:32-45.

Die pad vorentoe.

Op 'n kerkraadsvergadering, gehou op Woensdag 3 Februarie, is die volgende sake bespreek:

'n Medeleraar is nodig vir Kraggakamma Gemeente. Die bedieningsbehoefte en -uitdagings is groot en ons finansies laat dit toe. Ons moet bid vir die proses. Die advertensie verskyn in die Kerkbode. Kyk asb na die proviel en as jy 'n predikant wil voorstel, kontak met Niekie by die kerkkantoor.

Die nut van die huidige pastorie, asook herstelwerk wat gedoen moet word, moet ondersoek word. Die moontlikheid om die pastorie te verkoop en eerder 'n subsidie te gee, sal verder ondersoek word.

Ds MG is bereid om alleen voort te gaan totdat die beroepingsproses, waarmee ons nou begin en wat binne 2-3 maande afgehandel kan wees, voltooi is.

BOUSEREFONDS

Ons geboue is ook 'n getuigenis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerk kompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Daar moet ook werk by die Gazanialaan pastorie gedoen word. Die totaal van die herstelwerk- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Ons boureserwefonds is uitgeput na die verbetering aan die kerkgebou.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir u geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die fonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|----------|--|
| 21 Maart | Pieter Greyling, Karin van Breda en Twane van der Merwe |
| 22 Maart | Stephan Blom, Christo Landman, Annalien Pienaar, Jacques Reeder en Annabel Viljoen |
| 23 Maart | Aletta Campher, Matilda Roux, Quinton Roux en Jan Wiese |
| 24 Maart | Hannah Alting, Lizmari Hanekom, Ruan Jacobs, Arnold Kahts en Debbie Rabie |
| 25 Maart | Nealon Burger, Theunisa Fourie, Dirk Haarhoff en Petru Vlok |
| 27 Maart | Louis Moolman, Karla Moolman en Felicity Murray |



BYBELGENOOTSAP DEURSTAP VRUGTEMARK

Die Bybelgenootskap Vrughtemark vind plaas op 25-26 Maart van 08:00-18:00 en 27 Maart van 07:30-12:00 by die Bybelhuis, Cotswoldlaan 31. (Tel 041-3641138)

VIA BYEENKOMS

Liewe Vriendin,

ViA nooi jou na die "Beloved Series"

Aangebied deur Susan Smith, 'n aanbieder en profetiese kunstenaar. Kom stap saam met haar deur die storie van 7 skilderye en hulle betekenis in Jesus. Ervaar en beleef wat God met jou wil deel as Sy geliefde bruid!

Datum: Maandag 12 April

Tyd: 18:00 vir 18:30

Plek: Kraggakamma Gemeente, kerksaal

RSVP: Niekie (082 561 8747)



KERKRAADSLID VERKIES.

Op die kerkraadsvergadering van 17 Maart 2021 is Werner Nel as diaken verkies. Daar is steeds 'n hele paar kerkraad- en dienswerker vakatures. Indien die Here vir jou lei om te dien, kontak asseblief vir Niekie.

DANKOFFER

12 maande van ons finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein tekort, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005



KLEUTERSKOOL BIBLIOTEEKPROJEK

Ons ondersteun Ds Derick Meyburgh wat oa betrokke is by veertig kleuterskole in die distrikte van Cala en Elliot in die landelike Oos-Kaap. Hy wil graag 'n leeshoekie by elke kleuterskool beskikbaar stel. As elkeen van die 40 kleuterskole tien boeke kan kry, benodig hul 400 boeke om mee te begin.

Daar is nou 'n NGO wat isiXhosa boekies beskikbaar stel vir R10.00 per boekie. As u 'n bydrae tot die projek wil maak, betaal dit oor in die kerk se rekening en dui asb aan dat dit vir die Kleuterskool Biblioteekprojek is.

THERE4-BEDIENINGE

Aandag: Dames

There4-Bedieninge benodig hulp met die verpakking van gebreide items en die maak van ± 200 kaartjies.

Wanneer: Dinsdae tot Donderdae

Tyd: Tussen 09:00 en 11:00

Vanaf: 16 Maart tot 31 Maart 2021

Covid-19 regulasies word toegepas. Maskers verpligtend. Geen verversings

Bespreek asb jou plekkie vooraf met Nadia op 082 336 0253 of e-pos na support@there4ministries.org

HULP BENODIG

Yolandi van der Merwe is opsoek na enige verblyf vir 'n Gr 9 seun, verkieslik loopafstand van Hoërskool Framesby af.

Indien jy kan help, kontak Yolandi (084 705 2714)